GETUIENISBEDIENING
DANKBAARHEID
2021 – 2022

1Tess 5:18 – Wees in alle omstandighede dankbaar want dit is wat God in Christus Jesus van julle verwag.

CORONA VIRUS?

Goed of sleg? Goeie Nuus.....

**The Spirit of God is not quarintied.*

**We will come out of this [Covid-19] smarter, managing time better, and we will be more focused on what is important, and what can wait for later.*

*Rom 8:28

*Matt 6:33

(Uit: InContext Ministries webwerf)

NUUS VAN BUITE ONS LANDSGRENSE

Wat volg is nuus, gebedsversoeke en insigte van organisasies waaroor ons gereeld berig en ook oor lande waar ons Getuienisbediening ook belang by het. Dieselfde en iets anders! Nie direk van ons sendelinge nie.

Geopende Deure
Diens aan vervolgde Christene wêreldwyd

DANKBAARHEID:

Jan Gouws , Uitvoerende Direkteur, Geopende Deure Suider-Afrika skryf in sy Februarie nuusbrief baie oor dankbaarheid.

"Paulus skryf in Efesiërs 5:19-20: 'Sing met julle hele hart tot eer van die Here. Dank God die Vader altyd oor alles in die Naam van ons Here Jesus Christus.' Selfs al was Paulus se lewe vol uitdagings omdat hy Jesus gekies het, skryf hy steeds dat ons altyd dankbaar moet wees teenoor God vir alles. .....

"Ek dink aan my eie lewe, en hoe maklik dit is om ongelukkig te raak oor dinge soos beurtkrag of lae waterdruk. Dit is so maklik om op die negatiewe te konsentreer. Wanneer ek dink aan die stories en getuienisse van die meeste vervolgde gelowiges, vind ek dat hulle soos 'n voortsetting van Handelinge is. En dit is asof ek Paulus kan hoor sê: 'Wees dankbaar'. Dit is dan wanneer ek besef dat daar baie lesse is wat ons, as die Kerk in Suider-Afrika, by ons vervolgde familie kan leer om ons in ons daaglikse wandeling met die Here te help. Mag God ons oë oopmaak, nie net om hierdie lesse raak te sien nie, maar ook om die pleidooi van ons broers en susters te sien, wat in die grootste gevaar is omdat hulle volgelinge van Jesus is.

U kan vir GD en die vervolgde Christene wêreldwyd bid of hulle finansieel ondersteun. Kry inligting op hul webwerf www.opendoors.org.za of betaal geld in deur ons Kerkkantoor.

MOSAMBIEK

Mosambiek is 45ste op Geopende Deure se ranglys van lande waar vervolging plaasvind. 54% van die bevolking is Christene.

Hier is drie nuusbrokkies van die internet af. Dit lyk maar onstuimig en ons buurland het gebed nodig.

***The Council of Ministers has sent a harsh press law [wet ivm persvryheid] to parliament, where approval by the government party seems likely.**

We are entering into a very difficult period in which the greed and corruption of Frelimo is the root of the civil war in Cabo Delgado.

***Maputo — Islamist terrorists have murdered four people in the Quionga administrative post, in Palma district, in the northern Mozambican province of Cabo Delgado, according to a report in Monday's issue of the independent newssheet, "Carta de Mocambique".**

BID VIR MOSAMBIEK

*Bid vir Christene wat geliefdes verloor het en die jihadiste-aanvalle in die noordelike streek van Mosambiek oorleef het. Vra God om hulle vertroosting, vrede en krag te gee om hul vervolgers te vergewe.
*Bid vir meer beskerming en dat die huidige groep Islamitiese ekstremiste gestuit sal word voordat hulle groei en uitbrei, en moontlik groter geweld en vervolging regoor die nasie veroorsaak.
*Bid dat die Here die Kerk in Mosambiek sal versterk en eenheid in die Kerk sal skep te midde van die Islamitiese ekstremistiese bedreigings. Vra God om hulle die moed te gee om aan te hou bymekaarkom en in hul geloof te groei.

Geopende Deure berig: Aanvalle deur Islamitiese ekstremiste en die teenwoordigheid van dwelmbendes in sommige gebiede dra by tot verhoogde vervolging in Mosambiek.

Christene ervaar uiterste geweld in die noordelike deel van die land. In April 2020 het ’n jihadiste-groep met moontlike bande met die Islamitiese Staat 52 mense doodgemaak, kerke en instellings afgebrand en dorpe aangeval.

Christene is gedwing om uit hul huise te vlug. Islamitiese ekstremiste het talle Christelike plekke van aanbidding, Christelike skole en sakeondernemings wat aan Christene behoort, geplunder en vernietig. Christelike hulpwerkers is ook geteiken. Dit is gevolglik moeilik vir Christene om bymekaar te kom – beide in en buite kerke – en dit kan ’n risiko skep vir gelowiges om hulle teen vervolging uit te spreek.

In die noordelike deel van die land, waar die meerderheid Moslems is, staar gelowiges enorme druk in die gesig om hul geloof te verwerp. Indien hulle weier, word hulle gewoonlik vermy.

Foto van Geopende Deure se webwerf

DRIE LANDE IN DIE ARABIESE WêRELD

ALGERIË – 24ste op Geopende Deure se lys van vervolgde lande. Geleë in Noord-Afrika met ‘n bevolking van 43 333 000 waarvan 0,3% Christene is en die meerderheidsgeloof Islam is.

Bid dat alle kerke wat onlangs gesluit is, sal heropen, en dat die 2006-wetgewing wat aanbidding beheer herroep sal word.

BBC NEWS: Thousands of Algerians march on anniversary of protests

Thousands of Algerians have marched in the capital Algiers and other cities to mark the second anniversary of the anti-government protest movement, known as Hirak.

Protesters chanted: "Peace, freedom and democracy," and held up signs saying: "A civilian-led country, not a military one."

.

MOROKKO – 27ste op Geopende Deure se lys van vervolgde lande. Geleë in Noord-Afrika met ‘n bevolking van 37 071 000 waarvan 0,1% Christene is en die meerderheidsgeloof Islam is.

***Bid vir kinders in plaaslike skole. Islam word in baie verskillende vakke op skool aan hulle geleer. Christen-kinders vind dit verwarrend, aangesien hulle by die huis iets anders geleer word. Bid dat hulle nie verward sal voel nie, maar dat hulle in hul binneste die waarheid sal weet.**

Scientists Discover 66-Million Years Old Coelacanth Fossil in Morocco

EGIPTE – 16de op Geopende Deure se lys van vervolgde lande. Geleë in die Midde-Ooste met ‘n bevolking van 102 941 000 waarvan die meerderheidsgeloof Islam is en daar 16 250 000 Christene is.

Bid vir alle Christene wat in die tronk is of aangehou word, en vir die veiligheid van alle Christene terwyl hulle aangaan met hul daaglikse lewens.

FEBA SUID-AFRIKA

Soos ons berig het in Januarie het FEBA Radio ‘n uitnodiging gerig oor ‘n nuwe radiostasie in Malawi: **“*LITALA FM*” 2021** **Ons nooi u uit om saam met ons te werk, sodat ons teen Maart 2021 ‘n volledige, funksionerende radiostasie in Blantyre, Malawi kan lanseer!**

Tans benodig Feba Radio nog klankmengers, rekenaars, senders (“transmitters”), antennas, meubels, radio- en oudio-Bybels.

‘n Luisteraar van Malawi getuig: *“Today I am very grateful to have the radio in my hands which will inspire many Yao people including members of Islam in the village. Today marks a great day to me since I have received the radio for the group. I have been a Muslim since birth and my late husband used to be a Sheikh, I never knew about Christ until I listened to the ‘Way of Life’ program. Now myself, and five other women in our group have accepted Christ as our Lord and Saviour.”*